



22 Maart 2012

VERKLARING VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA NA AANLEIDING VAN 'N PETISIE TEEN 'N NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING

Dit het onder die aandag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) gekom dat daar skrywes per e-pos die rondte doen wat mense versoek om teen die Afrikaanse Bybelvertaling wat tans onderneem word, op te tree.

Die rede wat aangevoer word (en daar word aangehaal presies soos dit in die petisie staan), is dat die vertaling "Jesus Christus, die Seun van God, as 'n gewone mens omskryf" asook dat die vertaling "Beoog Om Jesus Christus Totaal En Al Uit DIE MESSIAANSE PROFESSIEë Uit Te Vertaal, Deur KLEINLETTERS Te Gebruik Inplaas van GROOT LETTERS." Verder word gesê: "Met Jesus Christus uit hierdie Nuwe vertaling (2016) word die GODHEID VAN JESUS CHRISTUS Totaal en al wegvertaal, en kan ENIGE (NEW AGE) god nou in hierdie skrifgedeelte in geredeneër word."

Die BSA wil hom ten sterkste teen hierdie e-posse uitspreek aangesien dit van alle waarheid ontbloom is. Hierdie aantygings word in 'n baie ernstige lig beskou.

Ons gee graag aan u meer inligting oor die Afrikaanse vertaling van die Bybel wat tans onderneem word:

Hierdie vertaling is deur die kerke wat Afrikaans as voertaal gebruik, aangevra omdat daar 'n behoefte aan 'n bronteksgeoriënteerde of direkte vertaling van die Bybel in Afrikaans is. Die BSA insieer self nie nuwe Bybelvertalings sonder die goedkeuring van die betrokke kerkgenootskappe nie en voer dus net die opdrag van die kerke uit met hierdie vertaling.

Die vertaalopdrag wat opgestel is in medewerking met die kerke is "skep 'n goed verstaanbare bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik." Dit word verder omskryf as 'n vertaling wat 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks sover moontlik behou moet word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte en goed verstaanbaar wees. Verklarende voetnotas moet gebruik word om inligting te voorsien wat nie in die vertaling self voor die hand liggend is nie.

Die vertalers van hierdie vertaling eerbiedig die Nuwe-Testamentiese verstaan van die Ou Testament en aanvaar sonder voorbehoud die Ou Testament as deel van die Christelike Bybel. Die vertalers is deeglik bewus daarvan dat daar vir die Nuwe Testament op bepaalde plekke in die Ou Testament, naas die gewone betekenis ook 'n "verborge" of "dieper" betekenis is, wat verwysings is na Christus en dit wat Hy sou kom doen. Die vraag wat vooraf baie lank beredeneer is, was die volgende: Moet die "verborge" of "dieper" Nuwe-Testamentiese verstaan van 'n teks reeds in die vertaling van die Ou Testament neerslag vind, met die gevolg dat die voor die hand liggende betekenis op die agtergrond skuif; of moet die gewone betekenis vertaal word met die gevolg dat die Nuwe-Testamentiese verstaan van die teks, nie aangedui word nie? Dit

was duidelik dat dit onmoontlik is om sowel die voor die hand liggende betekenis as die dieper betekenis tegelyk te verwoord of in druk aan te dui in die vertaling.

Omdat die vertalers egter wel die Nuwe-Testamentiese verstaan van gedeeltes in die Ou Testament eerbiedig, is besluit om in die vertaling al daardie gevalle waar die Nuwe Testament 'n verwysing na Christus in 'n woord of woorde van die Ou Testament sien, in die Ou Testament met 'n **voetnoot** te merk. Sodoende kan die leser se aandag gevestig word op die Nuwe-Testamentiese verstaan van die bepaalde woord of woorde en dit sonder verlies van die betekenis daarvan in die Ou-Testamentiese verband. In die Nuwe Testament sal daar ook na die betrokke Ou-Testamentiese gedeelte terugverwys word. Hierdie oplossing tas die Godheid van Christus geensins aan nie, want die voetnoot dui juis aan dat 'n spesifieke teks 'n verborge verwysing na Christus bevat.

Die probleem kan kortliks geïllustreer word aan die hand van 'n voorbeeld. In Hosea 11:1 staan daar die bekende woorde (volgens die 1953-vertaling): "Toe Israel 'n kind was, het Ek hom liefgehad, en uit Egipte het Ek my seun geroep." Dit verwys sonder enige twyfel na die twaalf stamme van Israel wat deur Moses uit Egipte uitgelei is. Dit is die gewone betekenis in die verband van Hosea 11:1, en in die 1953-vertaling is "seun" tereg nie met 'n hoofletter gedruk nie. Volgens Matteus 2:15 bevat Hosea 11:1 egter 'n profesie wat verwys na die kind Jesus se terugkeer uit Egipte saam met Josef en Maria ná die dood van Herodes. Op grond daarvan het die vertalers in 1933/53 en in 1983 "Seun" in Matteus 2:15 met 'n hoofletter laat druk. Dit is egter onmoontlik om die teks in Hosea 11:1 deur die gebruik van hoofletters vir die leser as 'n verwysing na Christus aan te dui sonder verlies van die gewone betekenis in die verband van Hosea 11:1. Dit gaan met 'n voetnoot verduidelik word.

Let verder asseblief daarop dat, in verskillende tale, die oorgrote meerderheid Bybelvertalings nie hoofletters gebruik in Ou-Testamentiese tekste wat in die Nuwe Testament as verwysings na Christus aangedui word nie. Dit geld onder andere vir die baie bekende Jesaja 53. Dit sluit in Engelse Bybels soos die King James Bybel (van 1611), New International Version, Good News Translation, English Standard Version, Contemporary English Version, The Message, American Standard Version, The Net Bible, New Century Version, New Jerusalem Bible, New Living Translation, 1890 Darby Bible, ensovoorts. Ons is bewus daarvan dat enkele ander Engelse vertalings wél hoofletters gebruik, maar dit is nie die algemene gebruik nie. Hoofletters word ook nie in die Duitse Luther Bibel en Gute Nachricht Bibel gebruik nie. So ook nie in Franse, Italiaanse, Spaanse en vier Nederlandse Bybels wat ons nagegaan het nie. In Afrikaans is daar nie hoofletters in die 1983-vertaling en die Bybel vir Dowes asook ander Afrikaanse vertalings wat in die mark is nie. Dit is duidelik dat die gebruik van hoofletters hoofsaaklik beperk is tot uitgawes van die Nederlandse Statevertaling wat ná 1900 gedruk is en slegs enkele ander vertalings. Die Afrikaanse vertalings van 1933/53 het die gebruik van die Statevertaling van ná 1900 nagevolg. Dit is algemeen bekend dat die Hebreeuse taal nie enige "hoofletters" gebruik nie.

Sommige kerke het die BSA wel oor hierdie saak van hoofletters genader en die BSA is die afgelope twee jaar met daardie kerke in gesprek. Daar is kerke wat, soos in die 1983-vertaling, die gedeeltes in die Ou Testament met kleinletters gedruk wil hê, en daar is 'n paar ander kerke wat, soos in die 1933/1953-vertaling, die betrokke gedeeltes met hoofletters gedruk wil hê. Ons kan die versekering gee dat die BSA besig is om op

baie verantwoordelike wyse, met al die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, hierdie saak te hanteer.

Ons wil dit baie duidelik stel dat vir die Bybelgenootskap en die vertalers die geloof in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, ononderhandelbaar is, en die Bybelgenootskap of sy medewerkers sal nooit, soos die e-pos beweer, die Godheid van Christus misken nie of op enige wyse daartoe bydra “dat Jesus Christus gelykgestel sal word aan enige (New Age) god” nie. **Sodanige bewerings tas die integriteit en geloofsoortuiging van die Bybelgenootskap en die vertalers aan en word in die sterkste taal verwerp.** U kan absoluut seker wees daarvan dat GEEN Bybelvertaling van die BSA die Godheid van Christus ontken of in die “new age” rigting beweeg nie. Die BSA is sedert 1820 betrokke by en verantwoordelik vir betroubare Bybelvertalings in al 11 die tale van ons land en sal nooit die betroubaarheid van die Goeie Nuus ondermyn nie.

Die vertaling waaraan tans gewerk word, sal ‘n uiters deeglike vertaling van die Bybel wees en ons glo dat, wanneer dit verskyn, dit baie Afrikaanssprekendes tot geloof en nuwe lewe in Jesus Christus, die Seun van God, sal lei. Ons is ook oortuig daarvan dat dit ‘n instrument in die hande van die Heilige Gees sal wees om gelowiges te laat groei in die “kennis van die Seun van God”. Mag hierdie vertaling God in alles verheerlik!

Ons vind dit heeltemal onaanvaarbaar dat mense oningeligte en onwaar aannames per e-pos versprei. Ons ervaar dit as blote verdagmakery. Besoek asseblief die webtuiste van hierdie vertaling www.nuwekerkbybel.co.za vir die korrekte inligting.

U word dus vriendelik, dog dringend, versoek om te help om hierdie saak met die korrekte inligting reg te stel en hierdie dokument so wyd as moontlik te versprei.

In diens van die Woord



Ds Gerrit Kritzinger
Uitvoerende Hoof